Gimmie Griffie

Webtuiste: www.gimmies.co.za

30 Augustus 2018
Uitgawe: 25

GEAGTE OUERS

Gimmies se graad 12 Ekonomie-klas is deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank genooi om saam met 158 ander skole aan die *Monetary Policy Committee Schools' Challenge* deel te neem. Dit behels dat daar 'n span van vier gekies moes word. Vir die eerste rondte moes die leerders, Janke de la Harpe, Chandré Grobler, Elzaan Jooste en Dané Holtzhausen onder leiding van juffrou Ronél Hattingh, 'n opstel skryf oor die vooruitskatting van die land se Inflasiekoers, Repokoers en Bruto Binnelandse Produk. Na die eerste rondte eindig Gimmies onder die Top 7 in Suid-Afrika, die enigste skool in Noordwes.

Tydens die volgende rondte het die skole 'n voorlegging in Engels gedoen.

Op 17 Augustus is die wenner deur die Goewerneur van die Reserwebank, Lesetja Kganyago en die Minister van Onderwys, Angie Motshekga, aangekondig. Gimmies het 'n tweede plek behaal, wat 'n groot prestasie is, aangesien dit die eerste keer is wat ons deelneem en die ander finaliste reeds vanaf 2012 deelneem. Elke leerder het R8000 ontvang, asook 'n versamelstukmunt, en hulle het ook gekwalifiseer vir studiebeurse van die Reserwebank en ander geskenke. Die skool het ook R15000 gewen. Gimmies is baie trots op die span!

Op Maandag 27 Augustus is die hoofleiers aangekondig. Baie geluk aan die volgende leerders wat as hoofleiers verkies is:

<u>Skool</u>
Voorsitters: Reuben Smit en Jhenelle de Villiers.
O/voorsitters: Amira Botha, Lize Jonker, Kaila Lamprecht, Gerhard Koornhof, Henko Labuschagne, Benic van Onselen en Dewald van der Westhuizen.

<u>Koshuis</u>
Voorsitters: Phia Badenhorst, Hanlie Badenhorst en Kosie Bouwer.
O/voorsitters: Amira Botha en Giovanni Pestana.

Ons wil graag u aandag daarop vestig dat 'n buitepersoon aangebied het om vanaf 2019 Toerisme as agtste vak aan te bied. Kontak die skool vir verdere besonderhede.

Gimmie-groete
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 4 September
Rugby: Indlelao/17-reeks (Wesvalia)

Woensdag 5 September
Muurbal: Potch-skoleliga
Gimmieraadopleiding 18:00-20:00

Vrydag 7 September
Loslitdag
Gimmie-gholfdag (Potch)
10/11-lentedag & entrepreneursdag

Saterdag 8 September
Landloop SA-kampioenskappe (PE)
Rugby 7's (tuis)

NETBAL

Die o/15A-span is die naaswenners van die SA-skolekampioenskappe nadat hulle 7-8 teen Helpmekaar in die finaal verloor het.

RUGBY SEWES

Tydens die Wesvalia-toernooi het die seniorspan (o/17) in die semifinaal teen die uiteindelike toernooiwenners naamlik Lichtenburg 19-24 verloor. Die juniorspan (o/15) het vir Volkies in die semifinaal met 26-5 gewen en in die finaal teen 'n baie sterk Rustenburg 0-27 verloor.

KRIEKET

Die 1ste span verloor met 46 lopies teen Lichtenburg. Marco Jansen teken 32 lopies aan. Martin Landman neem 4 paaltjies vir 45 lopies in 10 beurte.

Die 2de span verloor met 4 paaltjies teen Wolmaransstad se 1ste span. Dirco Bester teken 30 lopies aan en hy neem ook 3 paaltjies.

Die 3de span wen met 20 lopies teen Ikageng se 1ste span. Tiaan Brand teken 52 lopies aan. Dylan Barends neem 4 paaltjies vir 13 lopies in 5 beurte.

Die o/15A's wen met 5 paaltjies teen Lichtenburg. Reinhardt Röntgen teken 65 onoorwonne lopies aan en Xander van Gass teken 60 lopies aan. Louis Fourie neem 3 paaltjies vir 34 lopies in 9 beurte.

Tydens die 4de span se wedstryd teen Ikageng 2 het Armand Engelbrecht 66 onoorwonne lopies vanaf slegs 49 balle aangeteken.

LANDLOOP

Baie dankie aan al die landlopers wat op kort kennisgewing aan die Noordvaal-kampioenskappe deelgeneem het.

Danielle Verster het 'n puik prestasie behaal deurdat sy die eerste plek vir o/15-dogters verower het. Baie geluk, Danielle.

SKYFSKIET

Baie geluk aan Hermé Nel en Nadine Nel wat in die NW-skyfskietspan opgeneem is.

TENNIS

NW-skole tennis-liga: Die 2de-, 3de- en 5de-liga seuns is deur na die finaal. Hulle het almal teen KHS gespeel en slegs die tweede seunspan kon hul wedstryd wen. Baie geluk aan Michael van Rooyen, Rynard Botha, Franco Naudé en Anton Stadler. By die dogters was dit slegs die tweede liga wat in die finaal teen Schweizer se eerstespan gespeel het. Die dogters wen redelik gemaklik. Baie geluk aan Anika van der Westhuizen, Jacqueline van Rooyen, Niekie Nel en Karli de Bruin.

Gimmie-geslote: Die inskrywings het verlede Vrydag gesluit en die eerste wedstryde moet teen 31 Augustus afgehandel wees. Spelers ding mee om 'n junior trofee (gr. 8 & 9) en 'n senior trofee (gr. 10-12). Wedstryde sal self tussen opponente gereël word volgens die tyd-skedule van die trekking.

Absolut Menlo: Ons voorlopige eerste seuns- en meisiespanne van volgende jaar het vanaf 23 Augustus in Pretoria teen van die groot tennisskole deelgeneem. Ons het agtste geëindig. Waterkloof het die seunsafdeling gewen en Oranje Meisies die dogtersafdeling. Weereens was dit 'n voorreg om Gimmies te verteenwoordig.

SKAAK

Baie geluk aan die volgende leerders wat die afgelope naweek aan die seuns-dogters skaaktoernooi deelgeneem het: o/16: Christiaan Cloete (1ste) en Juan-Naudé Aslett (5de).

MUURBAL

Uitslae van Woensdag 29 Augustus

Gemengde liga B span verloor 122-181 teen Ferdies C.

Meisies liga verloor 98-172 teen Ferdies A.

<u>5 September</u>
Meisies teen *Girls High* 2 by *Girls High*.
Gemeng A teen Volkies A by Potch Buiteklub.
Gemeng B teen Volkies B by *Boys High.*

<u>12 September</u>
Meisies teen *Girls High* 1 by *Girls High*.
Gemeng A teen *Boys High* A by *Boys High*.
Gemeng B teen *Girls High* B by Potch Buiteklub.

WYNPROE

Op 6 September word 'n wynproe-aand in die saal ten bate van die leessentrum gehou. Kaartjies is R300 per paar. Kontak die skool indien u belangstel.

Vryd 31 Aug 5nm - laat
Sat 1 Sept 9am - 1:30pm
SNOW flake
mark
Experience Goodness
meet & eat
handgemaakte & organiese PRODUKTE
craft beer | live music
Kindervermaak
N.E.M.U KUNSUITSTALLING
Like
SnowflakePotchefstroom

AWARDED BEST GUEST HOUSE
Stay at 2013 rates!
From R850pppn including breakfast
Ancient Emperor Guest Estate
POTCHEFSTROOM
info@ancientemperor.co.za
www.ancientemperor.co.za
083 628 6166 / 018 294 4944